# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

**Nuusbrief**
**Newsletter**

21 | 2025
22|08| 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Vry. 22 Aug: Interskole BIG BRAG
Sat. 23 Aug: Interskole vs HS Montagu (tuis)
Ma. 25 – Vry. 29 Aug: RATEM Eisteddfod (Riversdal)
Di. 26 Aug: HSB Wynveiling
Lentebal (leerders)
Do. 28 Aug: Matriekontbyt
Gr 12 Afrikaans NSS-mondeling
Vry. 19 Aug: Sewesrugby Afrigtersfunksie (aand
Sat. 30 Aug: Overberg Wealth & Risk Management o.15 & o.16-sewerugbytoernooi
Ma. 1 Sept: Gr 12-Rekordeksamen begin

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

Vrydag. 22 Aug: Mnr Tiaan Diedericks

**KWARTAALTEMA**
Sosiale Voetspoor

**TERM THEME**
Social Footprint

## KULTUUR

### Revue 2025: ENCORE!

Die video-opnames kos R180. U moet asb. u videobestellings so gou as moontlik by me Nelson, by Ontvangs, ingee.
Please order your photos by using the following link: https://photofrog.co.za/buy/w9m6g
















Baie dankie aan Studio Elle vir die skenk van die fotos vir hierdie week se nuusbrief!



Danae Lourens (links) en Reese Louw, twee baie talentvolle BD's, het op 18 Augustus hul sangvernuf by die Helderberg Eisteddfod, in die Strand, ten toon gestel. Dié twee BD-nagtegale moes teen 55 ander deelnemers in hul kategorie meeding, maar het gewys dat hulle maar mag sing toe hul met die volgende uitstekende uitslae weggestap het:

- Reese Louw – Solo-sang met eie kitaarbegeleiding - GOLD PLUS
- Reese Louw en Danae Lourens met Duet-sang – CUM LAUDE

Baie geluk, Danae en Reese!

## RCL

The RCL elections for 2026 has been completed. Each grade had to elect three learners to represent them on the RCL.

The names of the three gr 11 learners were announced as they could not be a nominee for the matric council which was elected a week later by all the learners and educators.

Congratulations to Evah Meyer, Peter Carstens and Sylvia de la Fontaine who were elected on the RCL for 2026.



Evah Meyer



Peter Carstens



Sylvia de la Fontaine

## INTERSKOLE BEKENDSTELLINGSFUNKSIE

Die jaarlikse bekendstellingsfunsie is 'n mooi aand waar daar gespog kan word met al ons sportspanne. 'n Rekordgetal van 38 somer- en wintersportspanne is op 19 Augustus aan die ouers, borge, afrigters, onderwysers, mede-BD's en die gemeenskap bekendgestel. Die onderskeie spankapteins het hul goed van hul taak gekwyt met inspirerende kort toesprake en die bekendstelling van hul spanmaats wat vanjaar die Monties gaan aandurf. Sommige somersportwedstryde is reeds vroeër vanjaar afgehandel. Daar was 'n geleentheid om op wynbottels en pragtige spanfoto's te bie. 'n Heerlike ete is deur Antoinette Events bedien. Danksy die harde werk van BD-personeellede onder leiding van mnr Christopher van Niekerk, was dit weereens vanjaar 'n groot sukses.

Baie dankie aan Laerskool Bredasdorp se o.13A-spanne wat ons o.19A-spanne na die verhoog vergesel het. Nogmaals dankie aan al ons borge, sonder wie se ondersteuning al die geleenthede wat ons die leerders kan bied, onmoontlik sou wees.






**Hoërskool Bredasdorp**
**VISIE 2025**
**Sukses deur Toewyding**

**Bredasdorp High School**
**VISION 2025**
**Success through Dedication**





**WINTER INTERSKOLE GEESWEEK**

Die BD's gaan altyd voluit as dit by Geesvang kom. 2025 se winterinterskole geesweek was natuurlik geen uitsondering nie. Kombineer kreatiwiteit, oorspronklikheid en entoesiasme en wat kry jy? 'n Gelukkige BD, want hulle is betrokke. Hulle staan saam – of dit 'n unieke tema is wat hulle moet uitleef of 'n Montie-span is wat hulle moet aandurf.

**Montagu, ons is slaggereed vir Saterdag, 23 Augustus. Sien julle op ons tuisveld. Ons kan nie wag nie!**





**RUGBY**

## OVERBERG-SPORTDAG: 16 AUGUSTUS 2025 vs HS OVERBERG

**ARNISTON SPA HOTEL o.15A wen 14-7**
Drieë: Leighton Phillips, Edmund O'Ehley
Doelskop: Edmund O'Ehley (2)

**O.15B verloor 7-21**
Drie: Isaac Asongo
Doelskop: Zachary Barends

**O.15C verloor 7-10**
Drie: Elano van Heerden
Doelskop: Elfrendo Japhta

**ROLA o.16A wen 15-5**
Drieë: Graham Eyles en
Hugo Pretorius
Doelskop: Waylon Abrahams
Strafskop: Waylon Abrahams

**INTELIGRO o.19B verloor 5-24**
Drie: Camden January

**OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT o.19A wen 8-7**
Drie: Kanyiso Matrose
Strafskop : Urlinn Henecke















## NETBALL



**OVERBERG SPORTDAY: 16 August 2025 vs Overberg HS**

u.14D
Lost: 8-13
Player of the match:
Jonique Hopley

u.14C
Won: 16-14
Player of the match:
Caydence Alexander

u.14B
Won: 16-15
Player of the match:
Zarah Davids

u.14A
Won: 25-5
Player of the match:
Joy Mataga

u.15C
Won: 25-18
Player of the match:
Kgothatso Ledwaba

u.15B
Won: 31-7
Player of the match:
Amber-Lee Gabriëls

u.15A
Won: 24-6
Player of the match:
Lindzé Diedericks

u.16B
Lost: 9-32
Player of the match:
Juané Steyn

u.16A
Lost: 5-26
Player of the match:
Melo Dlamini

BD u.17B vs u.19C
Won: 19-9
Player of the match:
Grace Tichapondwa

BD u.17A vs u.19D
Won: 28-5
Player of the match:
Jodi Olivier

u.19B
Won: 18-12
Player of the match:
Mirrah Janse van Rensburg

u.19A
Won: 35-25
Player of the match:
Owethu Maqhutya














## HOKKIE

**HSB vs HS OVERBERG: 15 AUGUSTUS 2025**

Dogters:
- o.19A verloor 0-1.
- o.19B wen 1-0
  Doel: Liana October.
- o.16A meisies gelykop 0-0.

Seuns
- o.19A gelykop 1-1
  Doel: Rickus Badenhorst.
- o.16A wen 2-0.
  Doele: Rickus Badenhorst (2)




Die o.16A-seunspan saam met hul afrigters, mnr Tiaan Diedericks en me Magda Seimons.




Agter vlnr: Me Corné Retief (Afrigter), Dirk Uys, Darren Temmers, Markus van der Walt, Mkhululi Tundezwa, Nathan Katiyo, Philip Fick, Hugo Bester, me Elza Olivier (Afrigter)

Voor vlnr: Caleb Witbooi, Rickus Badenhorst, Brent Sinani, Cole Coetzee (k), Dré Frieslaar, Lina Tundeswa















## CHESS

**BHS vs OVERBERG HS: 16 August 2025**

The team played 14 games, winning 8 and drawing one. Congratulations BDs!








## FIETSRY

**INTERSKOLE BERGFIETSRY**

Op Maandag, 18 Augustus, het die bergfietsry interskole op Napier plaasgevind.
Die fietsryers moes 2 keer 'n 9km-baan baasraak.
Die BD's het die fietswedren 70-28 gewen. Baie geluk, BD-fietsryers! André Smit was die eerste BD wat klaargemaak het en algeheel tweede.
Baie geluk met die mooi uitslae!






Baie dankie aan POSTNET BREDASDORP wat die skool ondersteun het deur 150 kopieë van die Interskoleboekie gratis te druk.

POSTNET BREDASDORP

**MISSION 2025**

With dedication as our foundation, we are building a generation of learners who are successful, responsible and proud of their school and community.

**MISSIE 2025**

Met toewyding as ons fondament, bou ons aan 'n generasie leerders wat suksesvol, verantwoordelik en trots is op hul skool en gemeenskap.

Footprints 2025




**JAARTEMA:** VOETSPORE

**TERM THEME**
Social Footprint